Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

ONS MAAK **IMPAK**
VIR ONS **KONING**

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/oA7oZYrBEb0

Nuus vir die week

Sondag 30 Augustus:

- Daar is twee eredienste: 08:30 en 10:00. Die dienste word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Nagmaal word tydens beide eredienste bedien.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Predikante verlof:

- Dr. Peet Vermeulen is met verlof van 21 – 28 Augustus.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Jan Myburgh wat tuis aansterk na ‘n operasie.
- Lena van der Walt wat ‘n voetoperasie ondergaan het.
- Riana Stapelberg wat ‘n operasie ondergaan het.
- Jan de Beer wat herstel na ‘n katarakoperasie. Hy geen binnekort vir die tweede een.

- Telecia van der Merwe wat ‘n knie-prosedure ondergaan.
- Hannes du Preez wat weer opgeneem is in die hospitaal.
- Die familie en vriende van Pieter van Deventer. Hy het Maandag sy aardse wedloop voltooi.
- Almal wat ongesteld is.

Kontak die kerkkantoor:

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Finansiële stand van die gemeente

Drie maande terug het ons begin om hier in die E-Nuus ‘n maandelikse kort opsomming te gee van die Gemeente se finansiële stand. Hierdie is nou ’n voorsetting daarvan, wat aan die einde van elke maand in die E-Nuus geplaas gaan word.

Julle sal onder andere hier sien dat daar beslis verbeterings gekom het die laaste 2 maande aan die inkomstekant, n.a.v. die verskeie kommunikasie pogings wat aangewend was. Die volhoubaarheid daarvan sal ons nog eers kan sien tydens die volgende paar maande. Wat die syfers en toekomstige statistieke natuurlik ook effens kan skeef trek in die interpretasie hiervan en vooruitskattings / projeksies, is dat daar ’n eenmalige donasie was van R150 000, waarvoor ons die Here loof en prys vir hierdie voorsienigheid en ook die inkomstes wat ook ingekry is vir die Riana Nel konsert, vanuit die kaartjie verkope, reflekteer ook in die laaste twee maande.

Hier is nou so ’n eenvoudige grafiek vir die doel:



Hier bo word twee sake uitgebeeld:

1) Die Blou staaf: Dit dui aan hoe die kumulatiewe groei besig is om plaas te vind tussen die werklike inkomstes en dit wat begroot was tot op daardie stadium van die maande. Na 7 maande is die verskil nou op R554 866 minder as wat begroot is. (R18 414 meer as wat verlede maand gerapporteer was.)

2) Die Oranje staaf: Dit dui aan waar staan die verskil tussen die bedryf uitgawes en die inkomstes, wat dan ’n surplus of ’n tekort sal aandui. In hierdie geval is dit tans nog ’n tekort wat nou na 7 maande staan op ’n bedrag van R154 969. (R59 083 minder as wat verlede maand gerapporteer was.)

Baie dankie vir almal se bydraes hiervoor. Veral die lidmate wat weer begin bydra het of die van julle wat julle maandelikse debietorders opwaarts aangepas het. Kom ons kyk of ons die oranje staaf in die grafiek, voor die einde van die jaar, bo die nul lyn kan kry.

Uit en Tuis

Lentetee:

Bespreek by Louise (012) 991 5623 teen 10:00 Maandagoggend 31 Augustus sodat daar vir elkeen ’n kospakkie bestel kan word.

Impak Koffie:

Kom vier die lente saam met Impak Koffie op 6 September. Saam met ons lekker koffie gaan daar ook heerlike eetgoed te koop wees! Moet dit mis nie!

Indien jy in die toekoms graag verversings wil verkoop by Impak Koffie, kontak Hanlie Potgieter by 082 665 1048.

Wildsvleis te koop:

Burundi verkopings:

Burundi sending samel fondse in deur tweedehandse items te verkoop. Hulle ontvang graag enige tweedehandse linne, klere, meubels, gordyne, speelgoed en enige bruikbare items wat stof vergader in jou huis. Op 20 September vind die Speelgoed verkoping en op 3 Oktober die Wit Olifant verkoping hier op ons kerkterrein plaas.

Merk asb. jou skenkings ‘Burundi’ en laat dit in die saal.

Griefshare kursus:

Vra jou vraag

Al die vrae en antwoorde op die gemeente se webblad beskikbaar:
https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind. Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur 'n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

Wat is nuut?

- Pos vir 'n gekwalifiseerde verpleegkundige in Hartbeespoort

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. "Liefdegawe" of "Kollekte" wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as 'n "Kerkkas" bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as "Donasie" of "Bydrae" met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?

Kontak die kerkkantoor